**No. 1762** **17 Augustus 1984**

WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE NARAINSAMY-TEMPEL, GELEË IN DIE NEWLANDSDORPSGEBIED, DURBAN

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die Narainsamy-tempel, geleë in die Newlandsdorpsgebied, naby Durban, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die sogenaamde Narainsamy-tempel, geleë op sekere stuk grond, synde die Restant van Perseel 2 van A van Perseel 24 (nou bekend as Restant van Perseel 165, Newlands), van die Plaas Zeekoe Vallei, in die county, Victoria, provinsie Natal.

Transportakte 1556/1909, gedateer 3 Desember 1909.

*Historiese en argitektoniese belang*

Die Narainsamy-tempel, Newlands, is deur ene Narainsamy in die jaar 1896 gestig. Dit word deur 'n familietrust wat deur hom geskep is, beheer. Die ontwerper en bouer van die tempel is Kristappa Reddy, wie se vernaamse bydrae tot die tempelargitektuur hierdie tempel was met sy fyn versierde toringspits en prominente piramiedvormige koepeldak, wat gedurende die jare 1906–1908 opgerig is. Die hoofgode van die tempel is Vishnu, Siva, Ganesh, Soobramaniar en die Nauw Graha. 10/2/1134.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

**No. 1762** **17 August 1984**

WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE NARAINSAMY TEMPLE, SITUATED IN THE NEWLANDS TOWNSHIP, DURBAN

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the Narainsamy Temple, situated in the Newlands Township, near Durban, to be a national monument.

*Description*

The so-called Narainsamy Temple, situated on a certain piece of land, being the remainder of Lot 2 of A of Lot 24 (now known as Remainder of Lot 165, Newlands), of the Farm Zeekoe Vallei, in the County of Victoria, Province of Natal.

Deed of Transfer 1556/1909, dated 3 December 1909.

*Historical and architectural interest*

The Narainsamy Temple, Newlands, was founded by one Narainsamy in 1896. It is controlled by a family trust created by him. The designer and builder of the temple was Kristappa Reddy, whose main contribution to temple architecture was this temple with its finely decorated spire and prominent pyramid-shaped dome, which was built from 1906 to 1908. The chief deities of the temple are Vishnu, Siva, Ganesh, Soobramaniar and the Nauw Graha. 10/2/1134.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.